# A Brave New World week 2

## You be Brave

## Josua 1:1-9




## Inleiding  (welcome)

***Antjie Krog het eenmaal geskryf: "Courage is another name for learning to live with your fears..."***

*As jy moet dink aan die tyd wat vir jou voorlê, waarvoor is bang en hoekom?*

## Skriflesing 1:  Lees Josua 1:1-9

- Ons lees dat Moses gesterf het – lees ook **Deutorenomium 34:10-12**.  Wat wil hierdie verse vir ons sê oor die verhouding wat Moses met die Here gehad het?

    - En nou moet Josua as leier optree, hy moet Moses se skoene volstaan. Waaroor dink julle is hy onseker en waarvoor is hy dalk bang?

- **Die Here gee aan Josua beloftes om hom te help**. Beloftes is soos pilare waarop 'n huis staan, of dit is soos die hoeksteen van 'n huis. Dit is veronderstel om vastigheid en sekuriteit te gee en as waarborg te dien veral as daar moeilike en onseker tye voorlê (dit is presies die situasie waarin Josua hom bevind.)  Die twee groot beloftes wat God vir Josua gee is:

    1. **God is in die besigheid van gee.**  Wat belowe God vir Josua gaan Hy vir hom gee?  Kyk weer na verse 2, 3, 9.
       **Watter waarde het so 'n belofte vir ons vandag?**

    2. **God doen nie social-distancing nie**.  God belowe dat Hy by Josua sal wees. **Vers 5** noem 3 sake wat God belowe as dit gaan oor die feit dat Hy by ons is.  **Wat is hierdie 3 sake** en wat dink julle het dit vir Josua beteken en kan dit vir ons vandag beteken?

        **a.** Saak:
        Beteken vir Josua:

        Beteken vir ons:

        **b.** Saak:
        Beteken vir Josua:

        Beteken vir ons:

        **c.** Saak:

Beteken vir Josua:

Beteken vir ons:

- **En dan kry Josua 3 maal die opdrag: "Wees sterk, wees vasberade"** v 6, 7, 9

    - **V 6 –** *Josua kry hierdie opdrag vir sy werk as leier. Hy moet die volk die land inneem. Die dapperste ding wat jy kan doen is* ***om tot voordeel van ander te leef*** *(die volk die land te laat inneem)*

        **Hoe kan jy dit prakties doen?**

    - **V 7 –** *Die klem is hier op* ***die uitvoering van die wet****. Hoekom dink julle is dit so belangrik dat Josua ekstra sterk hierin moet wees?*

        *Watter leidrade gee v 8 oor hoe 'n mens dit doen?*

        *Hoe help hierdie aanhaling van Brene Brown vir ons hiermee: '****We know that the best way to move information from your head through your heart is through your hands.'***

    - **V 9 –***Hoe gaan hierdie opdrag vir ons help teen dit waarvoor ons bang is?* Om bang te wees is nie die issue nie – ons almal is soms bang – die issue is wat maak ons daarmee?

        Deel met die groep hoe jy in die verlede jou vrese oorkom het.

## Ons uitdaging is: (*works*)

i. Gesels oor die beloftes wat by 'n huwelik gemaak word en hoe kan dit ons in ons verhoudings help.
ii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Begin deur eers net vir God **dankie** te sê
2. Dank God vir sy beloftes en vr Hom om jou te help om daaraan vas te hou.
3. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.